



## **Uit die skoolhoof se kantoor**

Ons glo en vertrou dat elke Fichie gesond en positief is en saam glo dat dit binnekort beter met Suid-Afrika sal gaan.

Daar is tans groot afwagting van die Minister van Onderwys se aankondiging wat sal aandui wanneer en hoe skole heropen gaan word. Ons hoop van harte dat die aankondiging binne die volgende paar dae sal gebeur.

## **AKADEMIE**

Personeel en leerders werk op die oomblik werklik hard om akademie aan die gang te hou. Ouers moet weereens daarop let dat hierdie werk verpligtend is.

## **NIE- BEDERFBARE PRODUKTE**

Hoërskool Fichardtspark is ongelooflike dank verskuldig aan ons gemeenskap vir die skenking van nie-bederfbare produkte. U reaksie was oorweldigend en het alle verwagtinge oortref. Die gesinne wat hierdie produkte ontvang het, is baie dankbaar.

## **SKOOLGELD**

Alhoewel daar addisionele nood by die gemeenskap ontstaan het weens die uitbreek van die virus, rig ons tóg 'n ernstige versoek dat ouers steeds hulle skoolgelde betaal. Nie alleen is dit 'n statutêre vereiste dat ouers skoolgeld betaal nie, maar die skool het ook uitgawes soos salarisse en ander vaste bedryfsuitgawes wat steeds nagekom moet word.

## **MASKERS EN HANDREINIGERS**

Daar is aangedui dat maskers en handreinigers deur die Departement van Onderwys voorsien sal word. Intussen het die Beheerliggaam egter met die Klerewinkel gereël om Fichie-maskers te maak en verkoop. Dit sal beskikbaar wees teen R25 per masker. Ons sal binnekort meer inligting hieroor verskaf. Wat die handreinigers betref, sal ouers ook ingelig word as ons meer inligting oor die saak het.

Ons glo en vertrou dat almal positief sal bly in die geloof dat ons Hemelse vader 'n uitkoms sal bied.

Kom ons gee die week aandag aan Hoërskool Fichardtpark vyf kernwaardes:

- Geloof: dat daar binnekort 'n uitkoms sal kom.
- Respek: dat ons steeds respek vir ouers, mede-leerders en personeel sal hê.
- Integriteit: dat ons steeds die regte dinge in onseker tye sal doen.
- Uitnemendheid: dat ons steeds hard sal werk op akademiese gebied.
- Diensbaarheid: dat ons ons mede-Fichies sal bystaan in moeilike tye en diensbaar sal bly aan ons skool en land.

Fichie-groete

H vd Merwe

Skoolhoof